Emmaus Ministries
South Africa
Renewing Christian Disciples,
Strengthening Local Churches

WALK TO EMMAUS
THE UPPER ROOM®

chrysalis
THE UPPER ROOM®

FACE to FACE
THE UPPER ROOM®

7 Maart 2023

Geagte Leraars van NG Gemeentes,

Ons groet u in die wonderlike naam van ons Here, Jesus Christus! Dis ons wens dat hierdie skrywe u in goeie gesondheid vind.

DOEL VAN KOMMUNIKASIE

Die Emmaus-beweging van Suid-Afrika is ’n interkerklike beweging en het ten doel om in vennootskap met plaaslike kerke hande te vat om deur middel van beskikbare programme by te dra tot die ontwikkeling en toerusting van Christene en kerkleiers om hul roeping as dissipels van Christus te vervul. Die programme beoog om Christene te inspireer en toe te rus vir hul dienswerk en uit te daag om ’n verskil in hul plaaslike gemeentes en gemeenskappe te maak.

Die Emmaus-beweging wil graag leraars verbonde aan die NG Kerk in Suid-Afrika uitnooi om deel van die vermelde vennootskap te word.

Die beweging bied aan persone wat ’n Emmaus-program voltooi het ’n geleentheid om deel van ’n Emmaus-gemeenskap te word en betrokke te raak by die aanbieding van die verskillende programme. Die beweging het ’n Protestante teologiese inslag en moedig persone aan wat ’n program voltooi het om aktief by hul plaaslike gemeente betrokke te bly. Die beweging is nie ’n gestruktureerde kerk wat meeding met plaaslike kerke nie, maar een wat plaaslike kerke met die ontwikkeling van dissipelskap ondersteun.

KORT AGTERGROND OOR DIE EMMAUS-BEWEGING

Die Emmaus-beweging is in 1990 in Suid-Afrika gestig en funksioneer onder toesig van die "Upper Room", 'n afdeling van die dissipelskap-bediening wat as agent van die Verenigde Metodiste Kerk optree en in Nashville, Tennessee van die VSA gesetel is. Die "Upper Room" beskik oor kopiereg van al die Emmaus-programme wat wêreldwyd aangebied word. Daar bestaan verskeie Emmaus-gemeenskappe in Suid-Afrika wat die betrokke programme aanbied en onder toesig van die "Emmaus Ministries South Africa" (EMSA) funksioneer.

SENTRUM VIR VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (SVBO)

Besonderhede van die betrokke programme wat aangebied word, is aan die SVBO by die Universiteit van Pretoria voorsien. Goedkeuring is verleen dat leraars wat die program deurloop as 'n pelgrim of spanlid, 15 krediete kan verdien deur op die voorgeskrewe wyse daarvoor aansoek te doen.

VERSKILLENDE PROGRAMME

Die Emmaus-programme wat aangebied word, word hieronder in tabelvorm aangedui:

PROGRAM	**OUDERDOMSGROEP**	**TYDSDUUR**	**PLEK**
Emmaus Walks (apart vir mans en vroue)	18 en ouer	Donderdag tot Sondag	Kampterrein
Chrysalis Flights (apart vir seuns en dogters)	15-18	Vrydag tot Sondag	Kampterrein
Face to Face Encounters (mans en vroue saam)	60 en ouer	Vier sessies versprei oor twee weke	Plaaslik

NOTA: Sien **Bylae A** vir besonderhede van die programme wat deur die Emmaus-gemeenskappe vir 2023 beplan word, asook kontakbesonderhede.

KORT BESKRYWING VAN ELKE PROGRAM

Emmaus Walks: Die 'Walk to Emmaus' is geïnspireer deur die verhaal van die Emmausgangers in Lukas 24:13-35, wat ook as tema dien vir die driedag-ervaring en opvolg daarna. Daar word na kursusgangers as 'Pelgrims' verwys. Die kursus word omhul met gebed en nadenke, met tye vir lofprysing, aanbidding, gebruik van nagmaal, vermaak en deelname in kleiner groepe. Dit bied 'n geleentheid waar geloof weer verduidelik word, genade opnuut beleef en ervaar, en die belangrikheid van gemeenskap met medegelowiges herontdek word.

Face to Face Encounters: Dit behels 'Emmaus Walks' in aangepaste formaat om dit plaaslik by gemeentes of ander geskikte persele vir pelgrims 60 jaar en ouer aan te bied. Dit is gerig op hul besonder unieke lewensfase en hou rekening met die uitdagings en verlies waarmee hulle gekonfronteer word. Die kursus beoog om vir gelowiges 'n dieper begrip van 'n persoonlike verhouding met God te gee en om antwoorde op vrae rakende hul geloof en God se genade te bied. Pelgrims word ook aangemoedig om steeds 'n betekenisvolle en vervulde geestelike lewe in Sy diens saam met medegelowiges te ervaar.

Chrysalis Flights: Dié kursus is vir hoërskoolkinders bedoel wat voor verskeie keuses te staan kom ten opsigte van hul geloof, leefstyl, roeping, en lewenslange verbintenisse. 'Chrysalis Flights' daag ons jongmense uit om nie net verstandelik en fisiek nie, maar ook geestelik in geloof te groei. Die skoenlapper word as metafoor en beeld vir hul Chrysalis-ervaring gebruik – 'n antieke Christelike simbool wat na Christus se sterwe en opstanding verwys. Die skoenlapper illustreer een simbool van die jongmense se geestelike reis wat die kursus as 'Caterpillars' begin en dan deur 'n metamorfose in die 'chrysalis' gaan om uiteindelik in 'n pragtige skoenlapper te verander. Die uitdrukking wat jongmense daarna gebruik, naamlik "Fly with Christ", moet teen hierdie agtergrond verstaan word.

Elkeen van die drie programme word deur 'n opgeleide span aangebied. Behalwe vir Face to Face Encounters wat op 14 praatjies fokus, word daar 15 praatjies op die oorblywende programme aangebied. Vyf van die praatjies word deur leraars aangebied, en die res deur nie-leraars. **Alhoewel die praatjies in Engels aangebied word, kan deelnemers met groepbesprekings ook in Afrikaans deelneem**. Al die programme bied 'n geestelik verreikende ervaring wat deelnemers blootstel aan God se onuitspreeklike liefde en genade wat hul uitdaag om Sy stem, hande en voete saam met medegelowiges te wees.

UITNODIGING

Navrae oor die inhoud van hierdie skrywe kan gerig word aan enige van die persone wie se kontakbesonderhede op bladsy 4 verskyn. Indien nodig en u dit verlang, kan u ook 'n besoek aan u gemeente reël om meer breedvoerig te verduidelik waaroor die Emmaus-beweging en -programme wat aangebied word handel.

Sien asseblief die onderstaande skakels vir meer inligting oor die programme:

PROGRAM	**SKAKELS**
Upper Room	https://www.upperroom.org/
EMSA	https://emsa.org.za/
Video Emmaus Walks	https://youtu.be/PvS8AJOZs4s
Video Face to Face Encounters	http://youtu.be/-McwrVeurio

Mag die vrede van Jesus Christus daagliks u en u gemeente se metgesel wees.

Saam in Hom,

ABE JOSEPH

EMSA GEESTELIKE DIREKTEUR

EMSA Lay Director **Mike Louw** **Cell: 082 511 7217** **Email: ld@emsa.org.za**	**EMSA: Spiritual Director** **Abe Joseph** **Cell: 078 454 5678** **Email: sd@emsa.org.za**	**Secretary** **Karin Mathews** **Cell: 082 944 4536** **Email: info@emsa.org.za**